

Lêerno.: 13/3/2/ National School Nutrition Programme (NSNP)  
Verwysing: 20231106 - 9440

Nasionale Skoolvoedingsprogram- (NSVP-) minuut: 0001/2023

Aan: Hoofdirekteur: Distrikte, Distriksdirekteure, Hoofde: Bestuur en Beheer, Kringbestuurders, Distrikskoördineerders en Skakelbeamptes van die Nasionale Skoolvoedingsprogram, Prinsipale van gewone openbare skole wat deel is van die Nasionale Skoolvoedingsprogram en Voorsitters van beheerliggame wie se leerders begunstigdes van die program is

**Onderwerp: Bevindinge van die oudit rakende die Nasionale Skoolvoedingsprogram (NSVP) vir 2022/23**

1. Die Ouditeur-generaal van Suid-Afrika (OGSA) het tydens die oudit vir die 2022/23-boekjaar 'n aantal tekortkominge rakende die bestuur en monitering van hierdie program geïdentifiseer.
2. Die doel van hierdie minuut is dus om skole wat begunstigdes van die NSVP is, by te staan om die NSVP op skoolvlak meer doeltreffend in werking te stel.
3. Aangesien prinsipale leierskap moet verskaf wat die bestuur van die NSVP by hul skole betref, word die terreine wat aandag behoort te geniet en in ag geneem behoort te word, hieronder uiteengesit.
4. Sekere tekortkominge ten opsigte van die samestelling van NSVP-skoolkomitees, hul rol en verantwoordelikhede is deur die OGSA geïdentifiseer en die volgende maatreëls moet in derhalwe in werking gestel word:

**4.1 Die rol en verantwoordelikhede van NSVP-skoolkomitees**

Die prinsipaal en beheerliggaam moet 'n NSVP-skoolkomitee daarstel wat uit die volgende lede bestaan:

- (a) een lid van die skoolbestuurspan (SBS)
- (b) een lid van die beheerliggaam
- (c) een vrywillige voedselbewerker
- (d) een personeellid
- (e) een lid van die Verteenwoordigende Raad van Leerders (slegs hoërskole).

- 4.2 Die NSVP-skoolkomitee moet rekords hou van die notules van al die vergaderings.
- 4.3 Die prinsipaal en beheerliggaam moet voedingstye implementeer, soos voorgeskryf deur die raamwerk vir voorwaardelike toelaes, of die reël van voedingstye om 10:00 en/of voor 12:30 moet in werking gestel word.
- 4.4 Hulle moet verseker dat die vrywillige voedselbewerkers voedsame maaltye, ontbyt ingesluit, betyds vir leerders voorberei en bedien. Hulle moet verder verseker dat die NSVP op skoolvlak glad verloop.
- 4.5 Vrywillige voedselbewerkers moet maaltye bedien in ooreenstemming met die metode wat deur die prinsipaal en SBS voorgeskryf word.
- 4.6 Skole moet die korrekte hoeveelhede kos wat deur die NSVP-spyskaart voorgeskryf word, voorberei.
- 4.7 Maaltye moet voorkeur geniet, ongeag enige funksie of byeenkoms by die skool, en moet steeds op die voorgeskrewe tye bedien word. Dit sluit in dat vrugte en groente op die voorgeskrewe dae bedien moet word.
- 4.8 Hulle moet kontroleer of die korrekte toelaes aan die vrywillige voedselbewerkers betaal word.
- 4.9 Hulle moet verseker dat die vrywillige voedselbewerkers oor die nodige persoonlike beskermende toerusting beskik, naamlik: uniforms, hoofbedekkings en stewels/toe skoene om aan die higiëne- en veiligheidsregulasies te voldoen.
- 4.10 Die prinsipaal, as die rekenpligtige beampte, is verantwoordelik vir die oorhoofse bestuur van die program by die skool, en sal sodoende die sukses van die program verseker.
5. Prinsipale word versoek om die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle belanghebbers te bring.

**GETEKEN:** AJE MEYER

**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: INRIGTINGSONTWIKKELING EN -KOÖRDINERING**

**DATUM:** 2023-11-20